

Ontmoeting 4

Die roeping van die dissipels

Jesus se dissipels was gewone mense

Teks: Matteus 4:18–23

Hulpmiddels:

- Babapoeier en 'n plat bak
- Skryfbehoeftes en skoon papier
- Afdrukke van die geboue



Welkom

Groepies maak: Speel 'n speletjie waar groepe van verskillende hoeveelhede gemaak word. Die leier roep uit: “Maak groepe van 3”; wag tot almal in groepe is en roep 'n volgende nommer uit. Stop by 12. Jesus het vir Hom 'n groep van 12 dissipels gekies. (Indien daar minder kinders by die byeenkoms is, gebruik bottelproppies of blokkies vir die kinders om in groepies te pak totdat elkeen 12 in 'n groepie het.)



Wyding

Stilword-ritueel: Babapoeier voetspore: Gooi babapoeier in 'n plat bak en trap voetspore in 'n lokaal. Laat die kinders presies in jou voetspore loop en by jou bestemming uitkom. Gee soms kort treetjies en soms langer treë.



Woord

In Jesus se tyd was daar rabbi's en dissipels. Rabbi's was die slim, geleerde mense wat alles van die Ou Testament en die lewe geweet het. Hulle het elke 2 jaar vir hulle jongmanne gekies wat vir die volgende 2 jaar saam met hulle sou leef, sodat hulle alles wat die Rabbi weet, kon leer. Die wat gekies is, was net die heel slimstes en die heel soetstes. Dit was 'n baie groot eer om deur 'n rabbi gekies te word. Enige jong kind wat daarom deur 'n rabbi gevra sou word, sou hom blindelings gevolg het. Blindelings beteken dat jy alles net so sou los en iemand sal volg, sonder dat jy weet waarheen julle gaan of wat gaan gebeur.

As jy nie deur 'n rabbi gekies word nie, moes jy maar dieselfde werk gaan doen het as jou pa, soos om houtwerk te doen of om 'n visserman te word of te gaan boer. Jesus was baie slimmer as die rabbi's. Hy het vir Hom dissipels gekies het. Jesus het nie die slimstes of die soetstes gekies nie. Hy het gewone mense gekies. Die meeste van Jesus se dissipels was vissermanne en die ander rabbi's het nie gedink hulle is goed genoeg nie.

Die eerste vier dissipels wat Jesus geroep het, was Simon Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes. Ons deel in 4 groepe en noem die groepe: 'Petrus', 'Andreas', 'Jakobus' en 'Johannes'.

Om te beleef hoe voel dit om iemand blindelings te volg, laat die kinders hulle oë toemaak en lei 'n groepie op 'n slag op 'n eenvoudige roete deur die vertrek. Laat almal hul oë toehou totdat almal deur die vertrek gelei is.

Lees nou Matteus 4:18–22:

“Jesus het langs die See van Galilea geloop. Hy sien toe twee broers, Simon en Andreas. Simon se ander naam was Petrus. Hulle was vissermanne en hulle het hulle visnet in die see gegooi. Jesus sê toe vir hulle: “Kom hier, kom saam met My, Ek sal julle lewens verander: Julle sal nog vissermanne wees, maar julle sal nie meer visse vang nie, julle sal mense bymekaarmaak vir God.” Simon en Andreas het dadelik hulle visnette gelos en hulle het saam

met Jesus gegaan. Jesus het verder gegaan en toe sien Hy twee ander broers, Jakobus en Johannes. Hulle was die seuns van Sebedeus. Hulle was in die boot saam met hulle pa en hulle was besig om hulle visnette reg te maak. Jesus het hulle geroep om saam met Hom te kom. Hulle het dadelik die boot en hulle pa daar gelos en hulle het saam met Jesus gegaan.”

Lees ook Markus 3:16 – 19:

“Jesus het twaalf apostels gekies en aangestel. Hy het vir Simon die naam Petrus gegee, en Hy het vir Jakobus en Johannes, die twee seuns van Sebedeus, die naam “manne van die donderweer” gegee. Die ander apostels was: Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die patriot en Judas Iskariot wat later vir Jesus verraai het.”

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou
2. Ek wonder wie jy in die storie is
3. Ek wonder of daar 'n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie



Werskaf

Gee aan kinders die geleentheid om een van die moontlikhede wat genoem word, te kies en kreatief tyd daaraan te spandeer.

- Miskien wil jy jou voet afteken op papier en versier.
- Miskien wil jy iets of iemand teken wat vandag vir jou belangrik is.

Sluit af met die seënbede